# LAERSKOOL MIKRO

*... waar kind nog kind kan wees ...*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579


25/2022

2 Augustus 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Baie dankie aan almal wat die lootjiekompetisie vir die Mauritius-vakansie ondersteun het. Die trekking het Vrydag plaasgevind en is deur 'n onafhanklike ouditeur, mnr Carel Jordaan, van BVA gedoen. Die wenner van die Mauritius-vakansie is Bossie Boshoff van Langebaan. Hy is Emma Boshoff (gr. 4.4) se oupa. Baie geluk!

Daar was ook 'n trekking vir die volgende pryse:

- Die seun wat 'n volledige lootjieboekie verkoop het, is Tiaan van Zyl (5.4.). Hy wen 'n rugbybal wat deur die 7's Springbokke geteken is.
- Die dogter wat 'n volledige lootjieboekie verkoop het, is Zoë Hoorn (5.1.). Sy wen 'n netbalbal wat deur die Protea netbalspan geteken is.
- Die leerder wat die meeste lootjieboekies verkoop het, is MJ Erasmus (4.1.). Hy wen 'n Samsung Tablet A7.
- Die klas wat die meeste lootjieboekies verkoop het, is Graad 4.1. Hulle gaan saam met mnr Mouton op 'n uitstappie.
- Die onderwyser wat die meeste lootjies verkoop het is Juf Tayla von Wielligh (15 boekies). Sy kry 'n dag verlof.

Ons leerderraad onderneem vandag 'n skoonmaakaksie in die omgewing naby die skool. Die leerderraad wil graag Kaapstad se burgermeester, mnr Geordin Hill-Lewis, se ***#LETSKEEPCAPETOWNCLEANTOGETHER-projek*** op hierdie manier ondersteun. Beamptes van Stad Kaapstad sal die geleentheid meemaak. Baie dankie aan ons leerders wat hierdeur ook die voorbeeld stel om ons gemeenskap skoon en netjies te hou.

Ons verwelkom vir Mnr André vd Merwe, wat gister in 'n tydelike pos as Inligtingsentrumassistent, by ons aangesluit het. Nadat mnr Nevin Edas 'n ander pos aanvaar het, het ons besluit dat al die klasonderwysers tot die einde van die jaar die STEM -onderrig (Science, Technology, Engineering, Mathematics) sal hanteer. In 'n STEM-periode word 'n klas in die helfte gedeel, vir STEM-onderrig en 'n besoek aan die Inligtingsentrum, onderskeidelik. Aangesien die klasonderwysers nou die STEM-onderrig gaan hanteer, kan hulle nie meer in die Inligtingsentrum behulpsaam wees nie. Mnr Van der Merwe is 'n gekwalifiseerde onderwyser, wat al baie by ons senior klasse afgelos het en hy sal in die Inligtingsentrum by alle Gr R tot 7-klasse behulpsaam wees. Ons wens vir hom sterkte toe.

## 2. SENIORKOOR

Die seniorkoor se tv-opname saam met die Tygerberg Kinderkoor was 'n reuse sukses en almal het dit baie geniet. Ons sal u in kennis stel wanneer die program uitgesaai sal word.

Nogmaals baie dankie vir almal se harde werk en opoffering en 'n hartlike dankie vir mee. Thea Jordaan, Natasha Marais, Sanet Nel (ons geliefde koormamma) en mnr. Jaco Theron.

Reëlings vir môreaand se optrede in die Groote Kerk sal volg.

3. **<u>KONSERT:</u>** **<u>VERSKIETENDE STERRE</u>**

Die tyd het uiteindelik aangebreek en die bal is aan die rol. Daar word reeds gewoeker met die dekor asook deelnemers se kostuums. Elke leerder wat aangedui het dat hul gaan deelneem, ontvang vandag 'n deelnemersfooibrief. Betaling geskied vanaf 3 Augustus 2022 tot 16 September 2022. Vir enige navrae kontak Juffrou Natasha Marais (nmarais@laerskoolmikro.co.za).




4. **<u>GELUKWENSINGS</u>**

<u>o.10 W.P. Binnenshuise krieket:</u>

Baie geluk aan Sion Botha (gr. 2.4) wat gekies is om die W.P Binnenshuise krieketspan te verteenwoordig gedurende die Nasionale Kampioenskappe wat vanaf 2 - 8 April 2023 in Gauteng gaan plaasvind.

5. **<u>BOEKEWEEK</u>**

<u>Hiermee 'n vriendelike versoek:</u> Taberna verskaffers is vanjaar vir ons boekuitstalling verantwoordelik en skenk 'n persentasie van alle boekverkope aan Laerskool Mikro. Ons versoek asb. dat u nie boeke d.m.v. die uitgewers se webbladsye sal aankoop nie, maar by Taberna self. Hierdie geleentheid word vir u, in ons inligtingsentrum vanaf 1 – 4 Augustus 2022 tot 15:30 en 5 Augustus tot 13:15, geskep.

U is welkom om kontant te betaal, maar daar sal ook kaartfasiliteite wees. Die leerders kry die geleentheid om deur die loop van die dag die uitstalling te besoek. Hulle mag met kontant betaal.

Bekende skrywers soos Jaco Jacobs, Fanie Viljoen, Wendy Maartens en vele ander se boeke sal te koop aangebied word. Daar sal ook leesboeke vir volwassenes en resepteboeke wees.

BOOK SHOP TABERNA SINCE 1997

Taberna Educational Supplies
4 Kareeboom Avenue
Kuilsriver 7580
Vat Reg no 4600273140

Telephone 021 903 3363 | 084 569 1715
Email taberna@iafrica.com

Voorspoed vir die week.

VUMA

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET

## BAIE DANKIE

aan elke ouer wat verlede kwartaal 'n skenking aan ons **HANNAH**-projek (Mikro se koskas) gemaak het.

U bydraes word opreg waardeer!




## CIVVIEDAG: VRYDAG, 5 AUGUSTUS 2022




### Wiskunde ekstra klasse

Graad 3 – 7

**Freda Brink: 064 751 9343**
Verreweide Straat 26,Kuilsrivier

